## WELKOMSWOORD.

Namens die Hoogeerw. Kommissie van die Algemene Vergadering is dit vir my baie aangenaam en 'n oorsaak tot groot blydskap om die Teologiese Studies, met sy eerste buiging, voor die publiek, 'n hartlike welkom toe te roep. Met die vorige vergadering van die H.E. Kommissie het hy besluit: „om andermaal met waardering kennis te neem dat die Teologiese Studies, waaraan reeds lank 'n groot behoefte in die Kerk bestaan, binnekort sal verskyn."

'n Groot behoefte! Ja, seker. 'n Suid-Afrikaanse Teologie bestaan nog nie. Ons het nog maar steeds — om dit so uit te druk — die Westerse Teologie geleer, gepropageer en bely en meer bepaald die Nederlandse Teologie. Ander teoloë in Suid-Afrika het hulle weer meer aangetrokke gevoel tot die Skots-Engelse-Amerikaanse Teologie. Ons Teologie het nog nie iets spesifieks Afrikaans wat hom onderskei van die Teologie van ander volke nie. Die tyd kom nader—volgens ons beskeie mening het die tyd alreeds gekom — om aandag aan ons eie te skenk, om die kanale waarlangs die Teologie hom sal ontwikkel voor te berei. In Holland, soos ook in baie ander lande, is daar verskillende rigtinge in die Teologie, miskien moes ons eintlik sê verskillende botsende en konkurerende rigtinge. Ons hoop van harte dat ons nie ook in Suid-Afrika verskillende rigtinge sal hê nie. Enkele jare gelede het dit egter baie duidelik geblyk dat daar in Stellenbosch twee rigtinge alreeds is. Dis jammer. Maar dit bestaan. Daar kan moontlik meer kom. Daarom moet ons ook bytyds ons stem laat hoor.

Die rigting wat die Teologie inslaan is van verbasend groot belang nie net vir die Kerk nie, maar ook vir land en volk. Die Teologie oefen invloed uit op die karakter en sedes van 'n volk, selfs op die staatkunde. 'n Land met 'n Roomse bevolking is anders as 'n land

met 'n Protestantse bevolking, anders wat die uitkyk op die lewe betref, anders in sy optree in die wêreld en in sy lewenswyse.

Deur ons landsomstandighede, ons klimaat ens. ens. is ons in baie opsigte anders as ander volke.En soos ons 'n eie taal en geskiedenis het en soos ons almal verlang dat ons bou- en skilder- en beeldhoukuns ens. 'n eie Suid-Afrikaanse karakter moet vertoon, so moet ons ook ons eie Teologie hê en so verlang ons ook dat ons Teologie tot 'n seker mate 'n eie Suid-Afrikaanse karakter moet vertoon. Tot 'n seker mate, sê ons. Want ons moet ons tog nie gaan inbeeld dat ons 'n eie Suid-Afrikaanse Teologie sommer so een-twee-drie kan opbou nie. Ons kan dit nie. En ons wil dit nie. Dit is 'n werk van jare, van eeue. Ons het 'n eeue-oue tradisie agter ons, 'n sterk en stewige fondament om op te bou. Ons wil nie van die ou tradisie ons losmaak nie; die fondament wat reeds gelê is en wat goed gelê is, afbreek en 'n nuwe fondament lê nie. Nee, ons wil die ou tradisie handhaaf, ons wil op die ou fondament voortbou. Dit is die fondament wat met die kerkhervorming gelê is, waaraan manne soos o.a. Luther en Calvyn gewerk het. Die lyn wat hulle getrek het gaan deur die eeue en die lyn wil ons verder deurtrek. Die suiwer reformatoriese beginsels wil ons handhaaf, verdedig en aksentueer. En wat on-reformatories is wil ons weer.

Met groot verwagting — ek durf byna sê met ongeduld — word die verskyning van die Teologiese Studies afgewag. Die redaksie bestaan uit bekwame manne. Dat die basuingeluid helder en duidelik sal wees, twyfel ons nie aan nie. Van harte word gehoop dat die ondersteuning van, en die waardering vir die Teologiese Studies groot sal wees en dat die Studies baie en goeie vrugte af sal werp.

Ons wens die Redaksie en die ondernemende uitgewer hartlik geluk met die Studies en bid hulle toe Gods rykste seën.

Vivat, crescat, floreat!

T. F. J. DREYER.

Scriba v/d Kommissie v/d Algemene Vergadering.